



# WAT MOET NOG IN DIE KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET INGESLUIT WORD?

## Deel 2

### (6) Toelaes

Vier hoof tipe toelaes is beskikbaar vir die versorging en beskerming van kinders in Namibië:

1. kinderonderhoudstoelaes
2. pleegsorgtoelaes
3. toelaes wat betaal word aan kinderhuise en plekke van veiligheid
4. toelaes aan kinders met gestremdhede.

Die Kinderwet van 1960 maak voorsiening vir hierdie toelaes. Hierdie wet sal waarskynlik herroep word as die voorgestelde Kindersorg- en Beskermingswet aanvaar word. Maar die konsepwet maak nie nuwe voorsiening vir toelaes nie.

#### Kindersonderhoudstoelaes:

'n Kindersonderhoudstoelaag is beskikbaar vir mense wat aan die vereistes voldoen soos in die tabel op die regterkant aangedui. Daar is 'n aantal probleme rakende hierdie vereistes, wat ook in die tabel aangedui word.

**Pleegsorgtoelaag:** Die pleegsorgtoelaag (N\$200 per maand vir die eerste kind en N\$100 vir elk van die opvolgende) is beskikbaar vir 'n pleegouer wat deur 'n hof goedgekeur is om vir 'n kind wat beskerming nodig het, te sorg. Alle pleegkinders kwalifiseer vir toelaes. 'n Middeletoets word nie toegepas nie. Een probleem hier is dat aanneemouers nie die toelaag kan ontvang nie. Dit skep 'n finansiële aanmoediging om aanneming te vermy, selfs al sou dit in die kind se beste belang wees om aangeneem te word. 'n Ander probleem is dat pleegouers die toelaag kan ontvang in gevalle waar biologiese ouers dit nie kan kry nie. Dit kan lei tot pleegsorg waar dit nie regtig nodig is nie.

#### Toelaes aan kinderhuise en plekke van veiligheid:

Dit is 'n klein bedrag wat aan hierdie sorgenhede betaal word om die versorgingskoste van elke kind te help dra. Van ouers word verwag om 'n bydrae tot hierdie betalings te maak as hulle dit kan bekostig.

**Toelaes vir kinders met gestremdhede:** Die kindersonderhoudstoelaag (N\$200 per maand) is beskikbaar vir 'n kind met 'n gestremdheid wat 'n mediese sertifikaat en 'n verslag van 'n maatskaplike werker het. 'n Middeletoets word nie toegepas nie. Dit kan belangrik wees om voorsiening te maak vir byvoegings tot hierdie toelaag vir koste soos rolstoel, vervoer na gesondheidsklinieke of spesiale opleiding (soos opleiding in gebaretaal of om Braille te lees).

VOORWAARDES	PROBLEME
Die aansoeker moet die kind se biologiese ouer wees.	Versorgers van wees- en sorgbehoewende kinders kan nie direk toegang tot hierdie toelaag verkry nie. Kinders wie se moeders en vaders albei oorlede is kan nie die toelaag kry nie.
Die aansoeker moet 'n Namibiese burger wees of permanente verblyf hê.	Baie mense in Namibië, veral naby die grense, woon reeds vir baie jare in Namibië, maar is nie Namibiese burgers of het nie permanente verblyf nie. Hierdie mense het nie toegang tot toelaes nie.
Die aansoeker moet 'n inkomste van minder as N\$1 000 per maand hê.	Hierdie vereiste neem nie in ag hoeveel mense op hierdie inkomste onderhou moet word nie. 'n Beter toets sou moontlik wees om inkomste aan die aantal afhanklikes te koppel.
Die aansoeker moet bewys dat die ander ouer dood is, vir meer as 6 maande in die tronk is of 'n staatstoelaag ontvang soos ouderdomspensioen of ongeskiktheidstoelaag.	Daar is baie gevalle waar die moeder of vader onopspoorbaar is (geen doodsertifikaat, onbekende ouerskap, of geen bekende adres het nie). Verder is albei ouers in sekere gevalle teenwoordig en doen hulle bes om hulle kinders te ondersteun, maar hulle kan steeds in uiterste armoede leef.
Die toelaag is beskikbaar tot en met 6 kinders per aansoeker. N\$200 word gegee vir die eerste kind en N\$100 vir elk van die ander. Die toelaes is beskikbaar tot ouderdom 21 as die kind in 'n opvoedkundige inrigting bly.	Dit is nie ongewoon dat daar meer as 6 kinders in 'n gesin is nie. Kinders in groot families kan baie moontlik hulp nodig hê. Die huidige beperking kan selfs bydra tot die skeiding van broers en susters, omdat van die sewende kind af weggestuur kan word as gevolg van 'n tekort aan finansiële steun.

#### Moontlike nuwe voorsienings op toelaes:

- ④ **Kwytskelding van skoolgeld:** Kinders wat staatstoelaes ontvang kan outomaties vrygestel word van skoolgeld.
- ④ **Noodonderhoudstoelaes:** Kinderhuise kan 'n begroting ontvang vir korttermyn noodonderhoudbehoefte soos voedselhulp. Dit sal 'n tydelike reëling wees wat die ontvangers tyd sal gee om aansoek te doen om 'n gewone staatstoelaag deur die gewone kanale.

#### SAKE VIR BESPREKING

- ④ Watter kriteria moet toegepas word vir staatstoelaes vir kinders?
- ④ Wie moet toelaes ontvang om vir kinders te sorg? Moet daar een tipe kindersorgtoelaag wees, of verskillende soorte toelaes afhangend van wie vir die kind sorg?
- ④ Het Namibië enige nuwe tipes toelaes nodig, soos 'n basiese inkomstetoelaag vir alle kinders?

## (7) Ander bepalinge vir kinders met gestremdhede

Die voorgestelde wet bevat geen definisie van “gestremdheid” nie. Dit verbied egter diskriminasie op grond van gestremdheid en vereis dat ’n kind se gestremdheid of chroniese siekte in berekening gebring moet word wanneer die kind se beste belang geëvalueer word en wanneer besluite geneem word oor geskikte plasing as die kind versorging nodig het.

Watter ander maatreëls is nodig vir kinders met gestremdhede? Hier volg ’n paar voorbeelde: (a) Voorsien programme om ouers en versorgers se vermoë te ontwikkel om kinders met gestremdhede en langdurige siektes te versorg. (b) Sluit spesiale bepalinge in vir die registrasie van sorgenhede vir kinders met gestremdhede of chroniese siektes. (c) Behandel ’n gestremde wat onwettig ingeperk word of mishandel word soos ’n kind wat beskerming nodig het en voorsien behoorlike sorg en bystand.

Ghana en Sierra Leone het albei wette wat bepaal dat niemand toegelaat moet word om ’n gestremde kind op ’n onwaardige manier te behandel nie, en dat gestremde kinders die reg het tot die behandeling, versorging en opvoeding wat hulle nodig het om tot hulle maksimum potensiaal te ontwikkel. Suid-Afrikaanse wetgewing vereis dat kinders met gestremdhede of chroniese siektes met waardigheid behandel moet word, aangemoedig moet word om selfstandig te wees en in staat gestel moet word om aktief aan die gemeenskapslewe deel te neem – insluitend sosiale, kulturele, godsdienstige en opvoedkundige aktiwiteite.

### SAKE VIR BESPREKING

- Ⓞ Watter probleme ervaar kinders met gestremdhede in Namibië?
- Ⓞ Het die voorgestelde wet enige bykomende bepalinge nodig vir kinders met gestremdhede?

## (8) Vlugteling- en immigrantekinders

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet bevat tans geen spesiale bepalinge vir vlugteling- en immigrantekinders nie. Daar word reeds gedeeltelik na vlugtelingkinders verwys deur die Namibië Vlugteling (Erkenning en Kontrole) Wet Nr. 2 van 1999. Die Verenigde Nasies Konvensie op die Reg van die Kind bepaal dat lande behoorlike maatreëls moet tref om vlugtelingkinders by te staan. Om dit te kan doen, moet die volgende voorstelle vir die nuwe wet oorweeg word:

- Ⓞ Vlugtelingkinders wat nie vergesel is van ’n volwassene nie moet in staat wees om op hulle eie om asiel aansoek te doen. Kinders wat saam met familieledes is moet op hulle eie kan optree indien dit nodig is. Kinders wat op hulle eie optree moet die reg tot wetlike verteenwoordiging op staatskoste hê, en hulle aansoeke moet die hoogste prioriteit geniet.
- Ⓞ ’n Onbegeleide vlugteling- of immigrantekind moet outomaties behandel word as ’n kind wat beskerming nodig het. Enige ander vlugteling- of immigrantekind kan ook behandel word soos ’n kind wat beskerming nodig het volgens behoefte, net soos Namibiese kinders.
- Ⓞ Huisvesting of ondersteuning aan kinders wat onwettig in Namibië teenwoordig is, moet nie ’n kriminele oortreding wees nie. Anders sal mense bang wees om hulle te help.

### SAKE VIR BESPREKING

- Ⓞ Watter probleme ervaar vlugteling- en immigrantekinders in Namibië?
- Ⓞ Watter wetlike beskerming het vlugteling- of immigrantekinders nodig?

## WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: [CCPA@lac.org.na](mailto:CCPA@lac.org.na)

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek



Vir meer inligting oor die  
Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak  
Monalisa Zatjirua (061-2833116) of  
Celeste Feris (061-2833179) by die  
Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,  
of Rachel Coomer by die  
Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die  
Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,  
gefasiliteer deur die Legal Assistance Centre  
en ondersteun deur UNICEF.



unicef